Hoërskool Framesby 50 HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 90: 22 Julie 2016

BESIGE TYDJIE LÊ NOU VOOR!

Waar ons aan die begin van die nuwe kwartaal staan, is daar skaars tyd om asem te skep! Hierdie kwartaal gaan ongelooflik besig wees en die druk op veral ons matrieks is maar groot. Neem asseblief kennis van die volgende:

Fees-reünie-naweek

Daar is vroeg vanjaar reeds besluit om hierdie naweek te oormerk as die groot geleentheid waar ons oud-leerlinge die geleentheid sal hê om die 50-jarige bestaan van Framesby te vier. Die 1970-klas, sowel as die 1976-, 1986-, 1996-, en 2006-matriekklasse is spesifiek geïdentifiseer om hul byeenkomste te reël.

Vanaand sal die oud-leerlinge saam met ons Ondersteunersklub kuier waar hamburgers en chips verkoop sal word. Môre-aand is daar 'n groot steakbraai by die pawiiljoensaal en klubhuis. By beide hierdie geleenthede sal daar wel beperkte getalle etes beskikbaar wees vir almal wat nie bepreek het nie, maar graag die geleentheid wil bywoon. Sondagoggend om 09:00 sal daar 'n kerkdiens in die skoolsaal saaam met Doxa Deo gehou word. Oud-hoofseun Johan Els sal die diens lei. Almal is welkom!

Sport teen Grey en Collegiate

Alhoewel ons ongelukkig nie hierdie naweek 'n tuisbepaling het nie, neem ons darem plaaslik deel teen Grey High School en Collegiate. Grey is een van ons sterkste teenstanders en oor die jare sien ons met groot verwagtinge uit na die geleentheid. Vanjaar sal dit ook nie anders wees nie, en kan klipharde rugby-stryde verwag word, asook op diehokkieveld. Dieselfde geld vir ons hokkie- en netbalspanne teen Collegiate. Die program vir die dag is op bladsy 3 aangebring. **Ons sien mekaar môre daar!!**

Rapporte

Die rapporte vir die Junie-eksamen word vandag uitgegee. Maak asseblief seker dat u die rapport onder oë kry. Die **oueraand** word volgende Dinsdag-aand gehou en u is welkom om die personeel te kom spreek oor u kind se akademiese vordering. Die geleentheid begin om 18:30 met 'n byeenkoms in die Skoolsaal.

Motorkompetisie

Ons wil u graag aanmoedig om u volle ondersteuning te gee aan hierdie fondsinsamelingspoging. Soos met die meeste skole, is Framesby maar voortdurend onder geweldige finansiële druk en daarom is pogings soos hierdie kompetisie noodsaaklik om ontwikkeling en vooruitgang moontlik te maak. Daar is baie aantreklike pryse op die spel vir die beste verkopers. Indien ons al die kaartjies kan verkoop sal dit ongelooflik baie beteken!

NISSAN MICRA
om te wen!!

R100 'n kaartjie by ons leerders

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Elmar Hough 9C
Izel Lambrechts 11C

Sondag
Pyper-Mackenzie Ferreira 8F
Jason van der Watt 10G

Maandag
Monray Potgieter 10C
Maria Venter 9G
Marja Weyers 9F

Dinsdag
Ilandré Kriel 9D
Elzabe van Niekerk 10B

Woensdag
Bianca Burger 9B
Reone Goosen 11F

Donderdag
Anechia Boshoff 11E
Lucyan Dart 10E
Ruaan van der Berg 8B

Vrydag
Juandre Nolan 10E
Shane Rademeyer 12B
Gumonre Swanepoel 8B

FRAMESBY IS BESIG!

LANDLOPERS NEEM UITENHAGE EN KNYSNA OP HORINGS!

Ons landloopatlete het op Sondag 3 Julie, voor ons jaarlikse Knynsa-toer aan 'n aflos vanaf Uitenhage na PE deelgeneem. Daar was 8 atlete in 'n span en elke spanlid het 5-6 km gehardloop. Framesby het 'n seunspan en 'n gemengde span ingeskryf. Ons atlete het uitstekend presteer en die seunspan het eerste en die gemengde span 2de onderskeidelik geëindig, waarmee ons het altesaam R15 600 aan prysgeld gewen het.

Hierna het 40 Framesby-atlete hul vakansie opgeoffer en 'n toer na Knysna onderneem waar hul aan 'n landloopbyeenkoms, 'n 4x 400m-aflos, straatmyl en 'n 5km-pretdraf deelgeneem het . Die kompetisie was ongelooflik sterk aangesien daar slegs 2 kategorieë was waarin die atlete kon deelneem: onder 17 of onder 19. Die atlete moes boonop 4 wedlope in 2 dae hardloop.

Framesby het geskitter in veral die 4x 400m-aflos, waar 4 van die 10 spanne onder die eerste 3 spanne geëindig het. In die straatmyl was Bjorn Ferreira algeheel 5de uit 123 atlete. Dis ‘n pragtige prestasie aangesien hy nog maar 14 jaar oud is! Lara de Bloe was die vierde van alle dogtersatlete in die straatmyl en derde in die pretdraf.

Baie geluk met die pragtige prestasies! Ons atlete het waardevolle ondervinding opgedoen wat hulle beslis in die komende atletiekseisoen kan terugploeg.

HOKKIESPANNE OP TOER

Intussen neem ons eerste Dogtershokkiespan aaan ‘n groot toernooi in Kaapstad deel waar spanne uit die buiteland ook betrokke is, terwyl die O/16-dogterspan ‘n toer na die Suid- en Wes-Kaap onderneem. Ons glo dit sal baie goed gaan en dat ons volgende week oor mooi uitslae sal kan berig.

AKADEMIESE TOP 20’S

Die volgende leerders beklee die Top-20 akademiese posisies in die onderskeie grade na afloop van die Junie-eksamen. Dis ‘n besondere prestasie en ons is baie trots op elkeen van hierdie leerders. Ons het GROOT waardering vir jul harde werk en toewyding! (Die Graad 8 en 9 Top-20’s verskyn op die laaste bladsy)

GRAAD 12

1	Ian Gerber	93.0
2	Willem Adriaan Odendaal	88.7
3	Lara Havenga	85.3
4	Luan Naude	83.5
5	Bernard McDonald	82.8
6	Jason Kaufman	81.2
7	Anjelieke Ferreira	80.2
7	Carissa Struwig	80.2
9	Tian Smith	78.7
10	Jacquetta Puchert	78.3
11	Annemié Blignaut	77.5
11	Ilze Fourie	77.5
13	Anneke van Rooy	76.5
13	Aniéke van Jaarsveld	76.5
15	Roelof Roodt	76.3
16	Kyle Snyman	75.7
17	Jaundré van Huyssteen	74.7
18	Arné van Heerden	74.5
19	Chanel Kelsey	74.2
20	Shani Thiart	72.5

GRAAD 11

1	Ludevin Parkinson	87.8
2	Caroline J v Rensburg	87.2
3	Keitlin Mitchell	87.0
4	Charl van Greunen	86.0
5	Sanri Marx	85.5
6	Leah Nell	85.2
7	Wiandré Pieters	84.8
8	Liza-Marli Swanepoel	83.3
9	Lené-Mari Siebert	83.0
10	Aletia van Zyl	79.3
11	Ansunel van Rooyen	79.2
12	Zenobia Viljoen	78.8
13	Vicky van der Merwe	78.2
14	Danielle du Toit	77.2
15	Jaco McLaren	77.0
16	Tiaan Coetzee	76.7
16	Shannon Jackson	76.7
18	Lisa-Mari Brink	76.3
18	Stefanie Olivier	76.3
20	Marico Bence	75.7

GRAAD 10

1	Megan Tait	91.8
2	Corne Geldenhuys	89.3
3	Stephanie Oberholzer	87.0
4	Mieke Stroebel	85.3
5	Marne Olivier	84.3
6	Louis Potgieter	84.0
7	Kayla Bester	83.7
8	Amoré Terblanche	83.2
9	Ingebörg Jordaan	83.0
10	Ruan Reinhardt	82.3
11	Mieke Alberts	82.0
12	Luan Ras	81.5
12	Elzabé Van Niekerk	81.5
14	Jaco Gerber	81.3
15	Clarissa Loots	79.7
16	Chandré vd Merwe	78.0
17	Huné Erwee	76.8
18	Ane du Plessis	76.3
19	Melandi Marais	75.8
19	Lize-Marié Els	75.8

FRAMESBY IS TROTS OP .....

WILANIE EN JANRÉ IN DIE VREEMDE

Wilanie van Zyl en Janré Viljoen, ons twee tennissterre, het pas teruggekeer van Engeland waar hulle Suid-Afrika verteenwoordig het. Hulle was in twee kragmetings teen onderskeidelik die Tennisakademie van Glastonbury en die Sutton-tennisakademie betrokke waar hulle teen van die beste tennisspelers in die wêreld meegeding het.

Asof dit nie genoeg was dat hulle hul land kon verteenwoordig nie, is die toernooi ook so gereël dat die spelers die eerste paar dae van die Wimbledon Ope-kampioenskap kon deelneem waar hulle onder andere vir Novan Djocovic en Roger Federer sien speel het!

Framesby is ongelooflik trots op julle, Wilanie en Janré. Daar is beslis min skole in Suid-Afrika wat kan spog met TWEE nasionale spelers. Baie dankie ook vir jul besondere positiewe bydrae tot ons skool op baie tereine. Mag hierdie prestasie ander aanspoor om na die beste te streef!

SPORTPROGRAM VS GREY EN COLLEGIATE

RUGBY VS GREY

Tyd	Philip-veld	Pyott-veld	Gordon-veld
08:30	O/14A	O/16B	
09:30	O/15A		O/14C
10:30	O/16A	O/15B (11:00)	
11:45	4de	O/14B (12:00)	
13:00	3de		
14:15	2de		
15:30	1ste		

SEUNSHOKKIE VS GREY

Tyd	Grey Astroturf
09:00	O/16
10:00	1ste

DOGTERSHOKKIE VS COLLEGIATE (VANDAG)

Tyd	Collegiate Astro
15h15	O/14
16h15	4de

DOGTERSHOKKIE VS COLLEGIATE (SATERDAG)

Tyd	Collegiate Astro
8h00	O/16B
9h00	O/14A
10h00	3de
11h00	O/16C
12h00	2de

NETBAL VS COLLEGIATE

Tyd	Baan 1	Baan 2	Baan 3
08:00	O/14B		O/14C
08:45	O/14A	3de	O/14D
09:30	O/16B		O/16C
10:15	O/16A		O/16C
11:00	2de		
11:45	1ste		

ALGEMEEN EN SIELSKOS

WAARVOOR ONS MAG BID

Daar is geen saak wat ons lewe beweeg, wat ons nie in die gebed voor God mag bring nie. Al ons behoeftes en node, al ons sorge en begeertes, al ons vreugdes en leed mag in ons gebede uitgespreek word.

Tog is dit belangrik hoe ons dit doen. Ook die gebed kan misbruik word as ons die wese daarvan misken. Die gebed is na sy wese ’n eerbiedige, liefdevolle en gelowige omgang met God. Daarom spreek dit vanself dat ons uit respek en liefde vir God so moet bid, dat dit in ooreenstemming met die heiligheid, majesteit en goedheid van God is.

Dit beteken dat ons, wanneer ons tot God nader, moet besef dat ons nie maar enigiets van God mag vra nie. Ons mag byvoorbeeld nie iets van God vra waarvan ons weet dat dit sondig sou wees, in stryd met sy liefde en geregtigheid nie. Ons kan nie uit selfsug Gods seën vra op bedenklike praktyke nie. Dit sal ’n bespotting van God en die gebed maak.

Daarom moet ons as algemene riglyn aanvaar dat ons wel met al ons begeertes na God mag gaan, maar dat ons dan moet vra dat Hy ons begeertes slegs moet vervul as dit volgens sy wil is en soos dit volgens sy wil is. Jesus het ons geleer om in ons gebed te sê: Nogtans nie soos ek wil nie, maar soos U wil. Omdat God beter as ons weet wat reg en goed is, pas dit ons om in al ons gebede te vra dat sy wil moet geskied.

Die Ons Vader toon ons dat die heiliging van Gods Naam, die koms van sy koninkryk en die uitvoering van sy wil die vernaamste dinge is waarvoor ons moet bid, want dit is nie net tot die eer van God nie, maar ook tot ons beswil en tot diè van die hele wêreld.

Wanneer ons dus konkrete dinge van God vra met die oog op ons persoonlike begeertes en wense, angs en vrese, moet ons slegs vra waarvan ons seker is dat God ons dit volgens sy Woord graag wil gee; en wanneer ons onseker is of die dinge wat ons vra, aan hierdie maatstaf beantwoord, moet ons vra dat God sal laat gebeur wat goed is. Daarom kan ons bepaalde dinge wat ons begeer, nie sonder meer van God vra nie, maar moet ons dit in vertroue aan sy beskikking oorlaat.

Hierdie insig is van belang as ons bid vir die verkiesing wat volgende week plaasvind. Ongetwyfeld sal mense graag sien dat die party waarvoor hulle stem, goed moet vaar. Maar het ons die vrymoedigheid om sonder meer te bid dat ’n bepaalde party of kandidaat moet wen? Is ons nie almal maar kortsigtig nie? Is ons so seker daarvan dat ons motiewe so suiwer is dat ons moet vrymoedigheid kan vra dat God ons wil moet laat geskied?

Moet ons nie liewer volstaan met te bid dat God sal gee dat die uitslag van die verkiesing vrede en geregtigheid in ons land sal bevorder, en dat Hy wat alles weet, moet laat gebeur wat die beste sal wees met die oog op die koms van sy koninkryk en die verheerliking van sy Naam nie? Kan ’n mens iets beter bid as dit?

Uit *Die Burger* 23 Augustus 1988

AKADEMIESE TOP 20 IN GRAAD 8 EN 9

GRAAD 8		
1	Karla Barnard	93.0
2	Karla Scheffer	91.5
3	Ankia De Lange	89.7
4	Franco van Eeden	88.2
5	Lize-Mé Otto	86.5
6	Christiaan Schutte	85.3
7	Mieke Ollewagen	85.0
8	Nicholis Groenewald	84.0
9	Erik de Lange	83.3
10	Danielle Esterhuyse	83.2
11	Simoné Roberts	82.7
12	Tessa Strauss	82.2
13	Jané Nel	82.0
14	Jean Pierre Cloete	81.7
15	Dandri Oosthuizen	81.5
15	Simoné le Grange	81.5
17	Micheal-John Ellis	81.2
18	Jean-Mari Mulder	80.2
19	Marika Louw	79.8
20	Janneke Stumke	79.7

GRAAD 9		
1	Carli van Onselen	92.8
2	Gerrida Stadler	92.3
3	Elné Vosloo	92.2
4	Elizabeth Ferreira	92.0
5	Deidri Odendaal	90.3
6	Kaylin Vorster	90.2
7	Johann Postma	89.7
8	Nicole Steenkamp	88.5
9	Twané Anderson	88.3
9	Elouise Moolman	88.3
11	Kayleigh Erasmus	88.2
12	Kayla Herd	87.7
13	Nicole Hamilton	87.5
14	Jaden Terblanche	87.2
15	Julia Botha	86.3
16	Gihahn Abrahams	85.8
16	Charlie Hart	85.8
18	Kara van Heerden	85.3
19	Pascalé Potgieter	84.8
20	Tian Botha	83.7